
CHRISTELIKE UITGEWERSMAATSKAPPY
*Uitgewer van hoogstaande publikasies*

# ’n Man van geloof




Vir oomblikke van stryd en versoeking het John Osteen een boodskap: Dit is tyd vir standvastige geloof.

In ***’n Man van geloof*** wys John deur ware verhale sewe eienskappe van standvastige geloof:

1. Geloof hoor en sien ander dinge as die wêreld.
2. Geloof bid met erns, selfs al is daar reeds ’n antwoord.
3. Geloof is sterk wanneer daar nie bewyse van die antwoord is nie.
4. Geloof sê altyd: “Probeer weer!”
5. Geloof gaan voort al is daar net ’n paar bewyse.
6. Geloof glo in die groter prentjie.
7. Geloof begin met niks, maar doen groot dinge vir God.

Osteen bespreek saam met bogenoemde ook beginsels vir tye wanneer dit lyk of geloof nie werk nie.

***’n Man van geloof***, met sepia-drukwerk, is inspirerende boodskappe wat John gelewer het wat beginsels bespreek wat vir Christene vandag ’n struikelblok kan wees. John se seun Joel het die voorwoord sowel as ’n kort oordenking aan die einde van elke hoofstuk geskryf waardeur die beginsels lewendig word vir ’n nuwe generasie.

**Spesifikasies:**

| | |
|---|---|
| **ISBN:** | 978-1-4316-0496-8 |
| **Prys:** | R129,95 |
| **Vrystellingsdatum:** | April 2013 |
| **Kategorie:** | Christelike leefwyse |
| **Teikenmark:** | Mans |
| **Formaat:** | 127 x 178 mm |
| **Bladsye:** | 244 |
| **Omslag:** | Sagteband |

## Kort kopie

Vir oomblikke van stryd en versoeking het John Osteen een boodskap: Dit is tyd vir standvastige geloof. ***’n Man van geloof***, met sepia-drukwerk, is inspirerende boodskappe wat John gelewer het wat sewe eienskappe van standvastige geloof bespreek, onder meer dat geloof ander dinge hoor en sien as die wêreld, en die rol van gebed. John se seun Joel het die voorwoord sowel as ’n kort oordenking aan die einde van elke hoofstuk geskryf waardeur die beginsels lewendig word vir ’n nuwe generasie.

## Oor die outeur





**John Osteen** was ’n leraar, evangelis en outeur. Hy het die Lakewood Church in Houston, Texas, in 1959 gestig en was vir 16 jaar die aanbieder van ’n weeklikse TV-program wat in 100 lande uitgesaai is. Hy het ook baie gereis en die boodskap van God se liefde, genesing en krag aan mense van alle nasies gebring.

## Unieke verkooppunte

- Spesiale uitgawe van dié bekende prediker, wat in 1999 oorlede is, se boodskappe met ’n bygewerkte voorwoord en oordenkings deur sy seun Joel Osteen (bekende en suksesvolle prediker en outeur)
- Bespreek sewe eienskappe van standvastige geloof
- Ware verhale en voorbeelde uit John se eie lewe en bediening
- Sepia-drukwerk

## Ander boeke deur die outeur

- Your words hold a miracle (Afrikaanse uitgawe – Beskikbaar Oktober 2013)